

**breibonus**

'n Vrolike strepiestru  
en bypassende serp  
pantser jou teen die  
winter se grouheid



# Speels en vrolik



## VROLIKE STREPIESTRUI

### Benodigdhede

**Pingouin Panache Varié (50 g-bolle)**

trui - 9(10;11) bolle Pervenche (kleurnr. 04)

serp - 3 bolle Pervenche (kleurnr. 04)

een paar 5,00 mm-Ne

een 4,50 mm-hekelpen

Afkortings op bl. 76

### Mate

om borsmaat van 82-87(92-97;102-107) cm  
lossie te pas

ware grootte - 101,5(112;122) cm

ruglengte - 72(74;76) cm

moulangte - 50(52;53) cm (sonder boordjie)

serp (sonder fraiings) - 170 cm

### Spanning

15 ste en 21 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met  
5,00 mm-Ne.

### Patroonsteek

Koussteek en kantsteek.

Kantsteek, 1e (RK-) ry: r1, \*r2tes, gv\*; herh  
van \* tot \*, r1.

2e ry: Deurgaans aw.

## TRUI

### Agterpant

Gebruik 5,00 mm-Ne en stel 80(88;96) ste op.

Brei 70(72;74) cm ks - 147(151;155) rye.

**Halsvorming:** Heg 25(28;31) ste af, plaas merker, heg middelste 30(32;34) ste af, plaas merker; heg oorbl 25(28;31) ste af.

### Voorpant

Gebruik 5,00 mm-Ne en stel 80(88;96) ste op.

Brei tot pant 17 cm korter is as agterpant - 130(134;138) rye.

**Halsvorming:** Brei 31(34;37) ste, heg middelste 18(20;22) ste af, brei tot einde op 31(34;37) ste en voltooi elke kant afsonderlik.

**1e Kant:** Brei 1 ry. Heg in vlg alt rye aan halsrand

2 keer 2 ste af, dan 2 keer 1 st - 25(28;31) ste bly oor.

Brei tot werk so lank soos AP tot skouer is, heg af - 147(151;155) rye.

**2e Kant:** Heg werkdraad van halsrand van 2e kant vas, en voltooi om met 1e kant ooreen te stem, maar met omgekeerde vorming. Voltooi tot VP so lank soos AP is.

### Moue (2)

Gebruik 5,00 mm-Ne en stel 41(41;43) ste op.

Brei 4 rye koussteek.

Brei 10 rye in die volgende kant-pat:

1ste ry (RK) ry: r1, \*r2tes, gv\*, herhaal van \* tot \*, r1.

2e ry (VK) ry: aw deurgaans. Herhaal hierdie twee rye 5 keer.

Brei ks en vermeer terselfdertyd in elke 4e ry 1 st aan weersk 20(22;24) keer = 81(85;91) ste. Brei tot mou 50(52;53) cm lank is. Heg af.

### Afwerking

Werk skouernate toe. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.

**Mou- en halsboordjies:** Met 4,50 mm-hekelpen, hekel 3 rondtes kb en 1 rondte krap-st om hals en moue. Heg af.

**Onderste rand:** Met 4,50 mm-hekelpen, hekel 6 rondtes kb en 1 rondte krap-st om onderste rand. Heg af.

### Serp

Stel 34 steke op met 5,00 mm-Ne en brei 170 cm ks = 360 rye. Heg af.

Met 4,50 mm-hekelpen, hekel 1 ry kb aan die aan- en afhegkante.

**Geknoopte fraiings:** Knip drade van 90 cm. Gebruik 2 drade saam. Met RK bo, vou dubbel in en knoop 'n fraiing met hekelpen aan elke derde kb. Neem dan helfte van een en helfte van volgende en maak 'n nuwe knoop. Maak 2 rye knope. Knip gelyk. □

● Patroon ontwerp en gebrei deur Ilonka Haylett